BEROEPENUUS— 1 Des . 2013

Beroepe ontvang

Ds. AJ Coetsee van Uitschot na Newcastle
Ds. CA. Jansen van Secunda na Koster
Proponent SN Jooste na Bellville om kragtens KO, art 7 die kerk van die Here onder die Engelssprekendes in die groter Kaapstad te vergader

Beroepe aanvaar

Dr. IW Ferreira van Rietvallei na Teol Skool Potchefstroom as professor in Missiologie
Ds. SJMS Smit van Pietersburg-Noord na Heidelberg

Beroepe bedank

Ds. RA Bain van Cachet na Kimberley

FOTO-PROJEK—U is al geruime tyd bewus van sr Muriel van der Dussen wat ons help deur foto's te neem. Die doel is dat ons mekaar moet ken en vir mekaar in die gemeente omgee. Daar is lidmate wat gesê het dat hulle vir haar foto's elektronies gaan aanstuur dan hoef sy hulle nie ook af te neem nie. Ons wil graag almal wat dit wil doen daartoe aanmoedig. Die adres waarheen u dan die foto's kan stuur is **muriel@muriel.co.za.** Ander wat nog afgeneem moet word meld asb. by sr Muriel aan…

Belofte en eis van die doop – B Holwerda

Ons bely in Sondag 26 die sakrament van die doop. Ons sê nie in hierdie vrae en antwoorde wat ons self dink van die doop nie, maar ons bely wat God hiervan openbaar. Dus ons weet dit al by voorbaat: God het die doop ingestel om ons geloof te versterk. Daarom is dit belangrik om daarop te let dat ons nie hier met veronderstellings of vermoedens werk nie. Nee, dit gaan hier oor wat God openbaar en wat vas en seker is. Maar hoe tragies is dit dat hierdie vastigheid in die kerkgeskiedenis so maklik ondergrawe word. Ons sien dit by die ou kerkgeskiedenis as daar nie meer vasgehou word aan wat God van die doop sê nie, maar die doop verword tot 'n heidense gewoonte godsdiens. So het die doop vir die Roomse kerk geword tot 'n magiese handeling, 'n soort toormiddel, waardeur die genade by ons ingestort word.

En daarteen het Luther en Calvyn en Zwingli opgestaan. Maar selfs hierna bly daar verdeeldheid oor die sakramentsbeskouing in die kerke van die Hervorming. Ook vandag gaan dit nog dikwels verkeerd in gereformeerde kerke omdat die doop nie verstaan word nie. Ons lees in die doopsformulier dat die doop uit twee dele bestaan: 'n belofte en 'n eis. Wat beteken dit? Daaroor het mense heelwat geredeneer. Oor die vraag of die belofte onvoorwaardelik of voorwaardelik is. Aan die een kant is die onvoorwaardelikheid van die belofte soms só benadruk dat die eis van geloof en bekering prakties onbelangrik word. . Daar word dan gereken dat God by die doop beloof dat die kind in elk geval hemel toesal gaan. Aan die ander kant word alle nadruk gelê op die voorwaardelike karakter van die belofte. God vergeef wel die sonde, maar net as jy eers glo. Op hierdie manier beland 'n mens maklik op die gevaarlike spoor van: eers jou geloof, dan God se genade. *Word vervolg*

04/12– Lemmie van der Linde 0722641992	07/12– Alida du Plooy 0825696009
06/12– Jan Howard 0123236422	08/12– Marie du Plessis 0829557365
06/12– Louis Kruger 0842153275	08/12– Cobus Roets 0825860824
07/12– Gerty Venter 0825398114	08/12– Marise de Ridder 0827460418
	Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur

Baie geluk met u verjaarsdag

Ons maak meer van ons regte as ons voorregte – CJ Langenhoven

Die Krugertjie

01 Desember 2013

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108
Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

EERSTE EREDIENS–(9h00)
Skriflesing: 1 Samuel 2
Teks: 1 Samuel 2:12,24,25
Sing: Ps. 68:1,2; Sb. 10:1,2,5,6; Ps. 94:6; Ps. 36:1; Sb. 9:1,3,5

DEUGNIETE SONDER VERANTWOORDELIKHEID EN TOG PRIESTERS

KATKISASIE– Katkisasie het afgesluit

TWEEDE EREDIENS–
Skriflesing: Lukas 15
Teks: Lukas 15:18
Sing: Ps. 128:1,3; Ps. 68:2,9;Ps. 42:1,4,5

' N SEUN KOM HUIS TOE

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by http://bit.ly/XmtQM2
Eredienste in klank kan geluister word http://bit.ly/TettoI
Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by http://bit.ly/12P9mzH

Predikant:
Ds. Petrus Venter
0012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)
Vandag-Wyke 19 en 20
Ouderlinge: Jan Fanoy en Marius Coertze
Diakens: Henry Foster

Volgende Sondag (08/12) – Wyke 21 en 22
Ouderlinge: Willie du Plooy (sr.) en Koos Venter
Diakens: Eugene Koole en Michiel Venter

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Ds. Andries Mulder is daar goeie beterskap. Hy is weer uit die hospitaal ontslaan. Ons gebed is dat die verbetering mag voortduur. Ons dink aan hom, sr Henta en kinders en families in hierdie sware tyd dat die Here naby hulle mag wees. **Sr Ann van der Merwe** is met kanker gediagnoseer. Sy is ook weer by die huis. Ons dink aan haar en haar kinders en geliefdes in die tyd wat wat voorlê. Mag die Here hulle naby wees. **Br Kallie Tromp** word steeds in ons gebede aan die genadetroon van die Here opgedra. Al was daar mate van verbetering is die kans op volle herstel op die stadium onwaarskynlik. Hy s die meeste tye nog in Weskoppies. **Br Phil van der Merwe** se gesondheid het ietwat verbeter. **Sr Nakkie** spreek haar dankbaarheid uit teenoor almal wat in die swaar tyd soveel meelewing betoon. . Hy moet DV weer op 5 Des vir verdere behandeling gaan. Ons dink aan hom en sr Nakkie in hierdie sware tyd. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar. Gelukwense aan **br en sr Jaco en Marianda van Jaarsveld** met die geboorte van hulle verbondskindjie. Ook die grootouers en agtergrootouers word by die gelukwense ingesluit. Gelukwense aan sr **Chantelle Netto** en haar eggenoot vir wie daar 'n seuntjie gebore is. Vir br en sr Willie en Heila J van Rensburg wens ons geluk met die geboorte van hulle eerste kleinkind.

KOEKIE-PROJEK VIR OUER LIDMATE

Sr Annatjie Badenhorst het laat weet dat die koekies vir ons lidmate ouer as 70 jaar is gereed. Baie is reeds uitgedeel. As u nog u pakkie moet afhaal dit word in die kombuis uitgegee. Sy het namens haar span almal wil bedank wat 'n bydrae gelewer het hetsy deur 'n skenking of gehelp het met die bak van die koekies. Dit word opreg waardeer.

KONINGSKINDERS-ETE

Ons gemeente is versoek om weer vir die jaarlikse koningskinders-kamp 'n ete te voorsien. Hulle het ons op die lys geplaas vir n middag-ete op Donderdag 12 Des 2013. Almal wat hiermee kan help word gevra om met sr Christine te kontak (0845119620) Dan sal hulle die spyskaart en reëlings kan finaliseer.

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens**	DVB	Instand-houding
2de diens	DVB	Intand-houding
08/12/2013 **1ste diens**	DVB	Teologiese Studentekas
2de diens	DVB	Intand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
04/12	Skole sluit
16/12	Geloftedag Erediens 9h00
25/12	Kersdag Erediens 9h00
15/01	Skole begin

SUSTERS EN PAUL KRUGER - KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderhuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Diegene wat getrou hiertoe bydrae word bedank. Daar het deur die jaar heelwat produkte op die manier hulle weg na die kinderhuis gevind.
Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.
Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

ZAMBIë– VOERTUIG

Met groot dankbaarheid teenoor die Here het hierdie fondsinsameling van ons gemeente in die die kerkverband aangegroei tot R102 000.
Die harte en hande in die gemeente wat ook hiermee kan help word versoek om dit oop te maak as dit vir u moontlik is. Die brief vir u en die kerkverband kan gelees word by die volgende skakel. http://bit.ly/105wmGY
As u gelde hiervoor kan gee, moet u dit in die kerk se bankrekening inbetaal. Merk net duidelik saam met u naam dat dit bestem is vir Zambië voertuig. Ons hoop om finaliteit oor die voertuig in die volgende 2 weke te verkry.

DIE EVANGELIE: MATTHEüS

Vervolg van verlede week

MATTHEüS 8 vervolg

8:27, verwonder – So min het die manne nog geweet en verstaan van Jesus, want hulle sou eers na die uitstorting van die Heilige Gees alles begryp oor Hom.
Hierdie gebeure word dikwels deur allegoriese verklaarders van die Woord misinter-preteer as `n blote beeld van die Kerk wat op aarde soos `n skip op stormsee rond ge-slinger sal word. Dit is verkeerd, want Jesus toon hier Sy mag op `n sekere manier. Maar tog toon Jesus hier Sy so volle mag, dat dit moet dien om ons in alles op Hom te laat vertrou. Hy bewaar en vermeerder Sy Kerk. Selfs die natuur moet gehoorsaam in die uitbreiding en koms van die Koninkryk.
8:28-32, Gadara – Waarskynlik was dit naby waar die huidige *Khersa* of *Kursi* is, aan die oostelike oewer van die see. Die steil berg daar, wat direk in die see inloop, kon dien dat die varke nie hulle in volle vaart kon stuit voor hulle by die see gekom het nie.
Twee – Markus 6:1-20 en Lukas 8:26-39 praat van net een man. Mattheüs is die enigste eerstehandse getuie hiervan, dus is hy seker reg. Soos bv met die een/twee blindes later te Jerigo, maak die verskil in onthou nie verskil aan wat God hier openbaar nie.
Duiwelbesetenes – Markus gee meer oor hoe hierdie besetenes was. Hy sou van een of meer andere dalk die hele saamgestelde geskiedenis gehoor het. God openbaar aan ons hier wat besetenheid alles (kan) behels. Vandag nog vind mens hierdie besetenheid in die wêreld, soos veral Markus en Lukas aandui:-
Baie kwaai . . . skreeu – Markus verhaal dat hy dag en nag op die berge en tussen die grafte waansinnig geskree het. `n Baie bekende optrede van waansinniges. Hulle maak ook dat ander nie veilig is nie en bedreig `n rustige lewe.
Tussen die grafte: vandag nog is daar by satanniste, heidene, heksery, ens, die behep-theid met geeste, grafte en dooies. Hy kon nie gebind word nie: die ongebondenheid wat vandag ook soos `n waansin oor die aarde trek. Mense dink steeds dat hulle in omgang met duiwels bomenslike kragte kan kry. Jesus waarsku in die profetiese Rede dat Satan mense sal probeer beïndruk deur "wonders" wat sy aanhangers sal doen.
Hierby moet ons daarop let dat Satan net `n naaper is. Hy kan nie skeppend werk nie, en kan slegs gebruik wat reeds in God se skepping is. Moet julle nie laat verlei nie. Vele gewilde boeke en films vandag propageer hierdie verwarde geeste-wêreld.
Lukas meld die besetene se naaktheid - Die groeiende, onbeskaamde naaktheid-kultus is deel van die besetenheid vandag. Afgodsdienste en dekadente beskawings het altyd met sedelike verval saamgegaan. Dit herinner aan Jesus se waarskuwing dat die tyd voor Sy Wederkoms weer sal wees soos die tyd voor die Sondvloed.
Die man het homself met klippe stukkend geslaan. Minagting van die liggaam en selfverminking was deur die eeue deel van afgodsdiens. In Elia se tyd het die Baäl priesters hulle ook self gekerf, saam met hulle "gebede". Die duiwelse vernielsug verlaat die duiwels selfs nie, waar hulle wag op Jesus se oordeel nie: Hulle vra om in die trop varke in te vaar, en die trop word vernietig. Hulle doen dit waarskynlik ook omdat hulle weet die Here het gekom om **mense** van die duiwelse magte te verlos.
Wat het ons met U te doen . . . pynig – Die ernstigste deel van besetenheid: Haat van God en onwil om met Hom enige gemeenskap te hê. Tog gaan dit gepaard met vrees. **Voor die tyd -** Die duiwels weet van die ewige straf wat gaan kom en dat hulle deel sal hê daaraan.
8:33-34, smeek . . . weggaan – Dat die inwoners Jesus smeek om weg te gaan, is `n getuienis teen hulle. Die verlies van hulle varke is vir hulle belangriker as die herstel van twee arme, gebroke, besete mense.

MATTHEüS 9

9:1, skuit – Van Gadara af gaan Jesus weer terug na Kapernaüm, waar volgens Markus 5 die volgende wonder plaasgevind het :-

Genesing van die verlamde man in Kapernaüm

9:2, Seun – Die gebruik van hierdie woord in die Nuwe Testament is gewoonlik waar daar direkte verwantskap was. Hier toon Jesus met die gebruik van die woord "seun" Sy simpatie en `n geestelike verwantskap tussen Hom en die verlamde man. Een verklaarder meen dat Christus daarmee die lyer liefdevol na liggaam en siel voorberei vir wat Hy volgende gaan sê: **jou sondes is jou vergewe**. Die siening was dat daar `n direkte verband was tussen sonde en siekte. *Word vervolg*

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

3 Des 1967– Dr. Chris Barnard doen eerste hartoorplanting in die geskiedenis; *5 Des 1894*– Pres CR (Blackie) Swart gebore; *6 Des 1838*– Gelofte die eerste keer afgelê; *7 Des 1799*— Geboorte van Hans (Dons) de Lange; *8 Des 1914*– Genl. Beyers verdrink in die Vaalrivier; *8 Des 1872*– Stigting van die Gerf kerk Steynsburg; *9 Des 1881*– Dood van pres TF Burgers ; *11 Des 1899*– Slag van Magersfontein; *13 Des 1915*– Adv (Pres) BJ Vorster gebore; *13 Des 1920*– Ds. Willem Postma (dr. O Kulis) oorlede; *16 Des 1838*– Slag van Bloedrivier; *16 Des 1852*– Genl. AH Potgieter oorlede; *19 Des 1792*– Genl. AH Potgieter gebore; *20 Des 1914*– Jopie Fourie doodgeskiet